

Kain en sy nalatenskap



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Genesis 4, Hebreërs 11:4, Miga 6:7, Jesaja 1:11, 1 Korinthiërs 10:13, 1 Johannes 3:12, Genesis 5, asook hfst. 6:1-5.

Geheeteks: “Wag daar nie vir jou blydskap as jy goed doen nie? As jy nie goed doen nie – die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers” (*Genesis 4:7, NAB*).

In Genesis word die sondeval en die verbanning van Adam en Eva uit Eden hoofsaaklik deur ’n lys van geboortes en sterftes gevolg, ’n presiese vervulling van die dinge wat God in die voorafgaande hoofstuk voorspel het. As verbandhoudende hoofstukke bevat Genesis 3 en 4 vele ooreenstemmende temas en woorde: beskrywings van sonde (*Gen. 3:6-8; vgl. hfst. 4:8*), die ’adama (oftewel “grond”) as ’n bron van vervloeking (*Gen. 3:17; vgl. Gen. 4:11*), en verbanning van mense (*Gen. 3:24; vgl. Gen. 4:12 en 16*).

Die rede vir dié ooreenkomste is ter beklemtoning van die voorafgaande gebeure, d.w.s. die dinge wat God aan Adam en Eva n.a.v. die sondeval voorspel het. Die eerste gebeurtenis na Adam-hulle se verbanning uit Eden het die paartjie weer hoop gegee: die geboorte van die heel eerste seun, wat Eva toe as die vervulling van die Messiaanse profesie wat God haar in die voorafgaande hoofstuk gegee het sien (*Gen. 3:15*). Met ander woorde: sy het gedink dat haar eersgeborene dalk die Messias is.

Daarna volg ’n reeks gebeure. Die misdaad wat Kain gepleeg het, dié van Lameg, die krimpende lewensjare van die mensdom, en die toename in boosheid onder die mens – al hierdie dinge is ’n vervulling van die vloek wat in Genesis 3 uitgespreek is.

Tog was alles, selfs toe, nie ’n hopelose saak nie.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 16 April.*

Kain en Abel

Lees Genesis 4:1 en 2. Wat leer 'n mens uit hier skrifgedeelte oor die geboorte van dié twee seuns?

Die eerste gebeurtenis wat die skrywer van Genesis direk na Adam-hulle se verbanning Eden opgeteken het, is 'n geboorte. In die betrokke Hebreeuse sinsnede in Genesis 4:1 word die woord vir “die Here” (*YHWH*) direk verbind aan die woord vir “'n man” soos die volgende direkte vertaling aantoon: “ ‘Ek het 'n man in die lewe gebring, om die waarheid te sê, die Here Self.” Die Amerikaanse vertaling, die International Standard Version, stel dit soos volg: “I have given birth to a male child – the LORD” (vgl. *OAB, NAB, NLV, ABA en DB vir die Afrikaans wat almal sê: “met die hulp van die Here”*).

Uit die direkte vertaling kan 'n mens aflei dat Eva aan die Messiaanse profesie in Genesis 3:15 gedink het, en oortuig was dat sy aan die Verlosser (“die Here”) geboorte geskenk het. “Die Heiland se koms is in Eden voorspel. Toe Adam en Eva die eerste maal dié belofte gehoor het, was hulle die spoedige vervulling daarvan te wagte. Hulle het hul eersgebore seun gretiglik verwelkom, in die hoop dat hy die Verlosser sou wees” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 31).

Om die waarheid te sê, Kain se verhaal neem die grootste deel van die vertelling in beslag. Nie net was hy die eersgeborene, 'n seun wat byna deur sy ouers “aanbid” is nie. In die hoofstuk is hy die enigste [van die twee seuns] wie se woorde opgeteken is. Met Kain se geboorte is Eva vreeslik opgewonde en gee dit ook te kenne, maar sê niks by Abel se geboorte nie (oftewel, sê sy nie iets wat deur die Skrif aangehaal word nie). Die verteller sê bloot: “Sy het weer 'n kind gekry, Abel” (*Gen. 4:2, NAB*).

Die naam Kain is afgelei uit die Hebreeuse werkwoord *qanah* wat “om te bekom” beteken, en dui op verkryging, die besit van iets kosbaars en kragtig. Die Hebreeuse naam *Hebel* (wat in Afrikaans as Abel vertaal word), daarenteen, beteken “asempie” (*Ps. 62:10, NLV*) of “wind” (*Ps. 144:4, ABA*) – en dui deurgaans op ontwykendheid, leegheid, sonder inhoud. Hebel (oftewel Abel) word ook herhaaldelik in Prediker vertaal om die begrippe “vergeefsheid” of “nietigheid” weer te gee. Hoewel 'n mens nie te veel uit hierdie korte tekste in Genesis wil aflei, behalwe wat duidelik daar staan nie, kan dit wees dat Kain (en hy alleen) sy ouers se groot hoop was. Dalk het hulle in hom as die Messias geglo, maar nie in sy broer nie.

Watter dinge in hierdie lewe is ongetwyfeld hebel – oftewel nietighede – waarvan ons nietemin 'n vreeslike ophief maak? Waarom is dit so belangrik om te weet wat saak maak, en wat nie saak maak nie?

Die twee offers

Die verskil tussen Kain en Abel, soos dit blyk uit hul name, het nie net met hul geardhede te doen gehad nie, maar ook met hul onderskeie beroepe. Kain was “’n landbouer” (*Gen. 4:2, OAB*), ’n beroep wat baie fisiese inspanning geveg het. Daarenteen was Abel “’n skaapherder” (*Gen. 4:2, NKJV*), ’n beroep wat hom by implikasie ’n fyn aanvoeling vir, en medelye met, diere gegee het.

Kain het vrugte verbou en Abel het met skape geboer. Dié twee beroepe verklaar nie net die aard van die twee offers wat die broers gebring het nie – Kain se vrugte en Abel se lam – maar toon ook waarom die broers sulke uiteenlopende gesindhede en gedagtesrominge aangaande hul offers gehad het: Kain het gewerk om vrugte te “bekom,” terwyl Abel versigtig met sy skape gewerk het ten einde te “behou” waarmee hy geseën is.

Lees Genesis 4:1-5 en Hebreërs 11:4. Waarom het die Here Abel se offer aangeneem, maar Kain s’n verwerp? Hoe verstaan ’n mens dit?

“Sonder bloedvergieting kon daar geen kwytskelding van sonde wees nie; en Kain en Abel moes hul geloof in die bloed van Christus as die beloofde versoening toon, deur die eersteling uit die kudde as offerande te bring. Daarbenewens moes die eerste opbrengs van alles wat goeies is as ’n dankoffer aan die Here gebring word” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 71).

Abel het aan God se voorskrifte voldoen, deur die groente-offer as ’n offer apart van die allerbelangrike brandoffer te bring, terwyl Kain die een met die ander vervang het. Kain het dus nie ’n dier as brandoffer gebring nie, maar slegs “die vrugte van die land aan die Here [as] ’n offer gebring.” Hy was dus aan die Here ongehoorsaam, en weerspieël sodoende die teenoorgestelde gesindheid as sy broer. Hierdie bybelverhaal word dikwels as ’n klassieke voorbeeld van die twee soorte reddings beskou – verlossing deur geloof (met Abel en sy bloedoffer as voorbeeld) teenoor ’n poging om verlossing deur werke te bekom (Kain en sy bloedlose vrugte-offer).

Alhoewel hierdie offergawes duidelik ’n geestelike betekenis moes hê, het dit nie inherent enige magiese waarde gehad nie [m.a.w. dit was nie ’n soort towerkuns waar die bloed letterlik in redding omgesit is nie]. Die offerstelsel was nog altyd blote simboliek, versinnebeeldings wat wys op die God wat nie net spys en drank skenk nie, maar ook bevryding van sonde aan die sondaar bring.

Lees Miga 6:7 en Jesaja 1:11. Hoe kan ’n mens die beginsels wat in hierdie teksverse uiting vind, neem en op jou eie lewe en aanbidding toepas?

Die misdaad

Lees Genesis 4:3-8. Wat is die verloop van sonde, soos dit blyk uit Kain wat sy eie broer vermoor het? Lees ook 1 Johannes 3:12.

Kain se reaksie was tweeledig: “Daaroor was Kain baie kwaad en neerslagtig” (*Gen. 4:5, NKJV*). Kain was oënskynlik kwaad vir die Here en vir Abel. Hy was vies vir die Here. Hy meen dat God hom ’n onreg aangedoen het en dat hy derhalwe ’n slagoffer was. Kain was ook kwaad vir Abel omdat hy jaloers op hom was. Hoe dan so? Was die jaloesie net oor die offer? Sekerlik behels dit veel meer as die dinge wat in ’n handvol teksverse staan. Wat die presiese aard van die jaloesie ook al was, Kain was duidelik terneergedruk oor sy verwerpte offer.

Die Here se twee vrae aan hom in Genesis 4:6 hou verband met Kain se tweeledige probleem. Let daarop dat die Here nie vir Kain beskuldig nie. Net soos met Adam vra die Here vrae, nie omdat Hy nie die antwoorde daarop ken nie, maar om Kain tot selfondersoek te bring sodat hy die rede vir sy verkeerdheid kan verstaan. Oudergewoonte probeer die Here sy gevalle kinders uit die sonde bevry, selfs wanneer hulle Hom openlik versaa. Na die vrae vermaan die Here vir Kain.

Eerstens doen die Here ’n ernstige beroep op Kain: hy moet “reg optree” (*NLV*). Dit is ’n oproep tot bekering en ’n verandering van gesindheid. Die Here belowe dat Kain “aanvaar” (*NLV*) en vergewe sal word. In ’n sekere sin sê die Here hier dat Kain aanvaarding by Hom kan geniet, maar dat God se wil moet seëvier, en nie Kain s’n nie.

Dan is daar ook die keersy: “Maar as jy weier om reg te doen, moet jy oppas! Sonde hurk by die deur om jou te oorweldig, maar jy moet dit oorwin” (*Gen. 4:7, NAB*). Die vermaning wat God hier gee, bring die wortel van die kwaad aan die lig, en dit is binne-in Kain self. Weereens rig die Here Kain se skrede hier, om hom op die regte paadjie te bring.

Die Here se tweede vermaning aan Kain het te doen met sy gesindheid teenoor sonde, wat by die deur van die hart hurk, “en sy begeerte is na jou” (*OAB*). God beveel aan dat Kain selfbeheersing aan die dag lê: “maar jy moet daaroor heers” (*OAB*). Dieselfde beginsel vind neerslag in Jakobus, waar hy sy lesers vermaan: “Maar ’n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep” (*hfst. 1:14, NAB*). Die evangelie bied ons nie net die beloofde vergifnis van sonde nie, maar ook die oorwinning daaroor. (*Lees 1 Kor. 10:13.*) Uiteindelik kon Kain net homself blameer, en niemand anders nie. Is dit nie maar gewoonlik die geval met die meeste van ons nie?.

Wat leer ’n mens uit hierdie tragiese verhaal aangaande die mens se vermoë om vrylik te kies, en hoedat die Here niemand tot gehoorsaamheid sal dwing nie?

Kain se straf

Lees Genesis 4:9-16. Waarom vra die Here vir Kain: “Waar is jou broer Abel?” (OAB). Wat is verband tussen Kain se sonde en wat hy uiteindelik geword het, “’n swerwer en vlugteling... op die aarde” (Gen. 4:12, OAB)?

God se vraag aan Kain is byna ’n spieëlbeeld van die een aan Adam in Eden: “Waar is jy?” Hierdie spieëlbeeld impliseer ’n verband tussen die sonde in Eden en Kain s’n hier, naamlik dat laasgenoemde (Kain s’n) ’n uitvloeiende van die eersgenoemde (Adam s’n) is.

Kain wil egter nie sy sonde bely nie. Hy ontken dit, iets wat Adam nie gedoen het nie, selfs al het hy die skuld op ’n ander probeer pak. Kain, daarenteen, gaan die Here openlik teë, en die Here konfronteer hom net daar met sy misdaad. Wanneer God die derde vraag vra: “Wat het jy gedoen?” (OAB), wag Hy nie eers op ’n antwoord nie. Die Here herinner Kain daaraan dat Hy alwetend is en dat Abel se bloed vanaf die aarde na Hom geroep het (Gen. 4:10), ’n beeld wat daarop dui dat God van die moord geweet het en dat Hy dit nie net daar sou laat nie. Abel was dus in die grond. Dit is ’n direkte terugblik op die sondeval en hou verband met die Here se woorde aan Adam oor wat voortaan met die mens sou gebeur (lees Gen. 3:19).

Lees Genesis 4:14. Waarom is Kain se woorde, “en ek moet my verberg vir u aangesig” (OAB), so betekenisvol?

Dit is omdat Abel se bloed vergiet is en dus op die aarde beland het, dat die grond opnuut vervloek is (Gen. 4:12). Gevolglik is dit Kain se straf om ’n swerweling te word, vêr van die Here af. Slegs toe Kain sy vonnis hoor erken hy hoe onontbeerlik die teenwoordigheid van God is, daarsonder vrees hy vir sy lewe. Selfs na Kain se koelbloedige moord op sy broer en sy uitdagende onverskilligheid daarvoor, is die Here hom steeds genadig. “Toe gaan Kain weg van die aangesig van die Here” (Gen. 4:16, OAB). Tog bied die Here hom steeds ’n vorm van beskerming. Oor die presiese aard van die “teken” wat hy ontvang het (Gen. 4:15) swyg die Skrif egter. Wat dit ook al was, Kain het dit slegs ontvang danksy die genade van die Here.

Kain sê: “en ek moet my verberg vir u aangesig” (Gen. 4:14, NKJV). Dit is waarlik ’n tragedie vir enigeen wat so iets te beurt val! Wat is die enigste manier wat ons as sondaars dit kan voorkom?

Die boosheid van die mens

Lees Genesis 4:17-24. Wat was Kain se nalatenskap, en hoe het sy misdaad die weg vir toenemende boosheid by die mensdom gebaan?

Kain se kleinseun, Lameg, praat van sy oupa se misdaad met betrekking tot sy eie. Dié vergelyking tussen Kain se misdaad en dié van Lameg is nogal leersaam. Kain swyg oor sy opgetekende misdaad. Daarenteen lyk dit of Lameg oor syne spog, en skryf selfs 'n lied daaroor (*Gen. 4:23 en 24*). Terwyl Kain die Here om genade smeek, lees 'n mens nie dat Lameg dit ook doen nie. Terwyl enigeen wat Kain se lewe probeer neem sewe maal gestraf sal word, glo Lameg dat sy dood sewentig maal gestraf sal word (*lees Gen. 4:24*), 'n aanduiding dat hy nietemin pynlik van sy skuld bewus was.

Wat meer is, Kain is monogaam (*Gen. 4:17*) terwyl Lameg poligamie instel, aangesien die Skrif spesifiek sê dat hy “met twee vroue, Ada en Silla, getrou” het (*Gen. 4:19, NLV*). Hierdie intensivering en ophemeling van die bose sou beslis 'n afbrekende uitwerking op die daaropvolgende geslagte Kanaäniete hê.

Net na hierdie bose gebeurtenis in Kanaänitiese geledere maak die Bybel melding van 'n gebeurtenis, een wat 'n teenwig vir die Kanaäniete se nuutgevonde poligamie is. “Adam het weer met sy vrou gemeenskap gehad” (*Gen. 4:25*). So word Set dan verwek en uiteindelik gebore, 'n naam wat Eva hom gegee het om aan te dui dat die Here vir haar 'n ander seun in die plek van Abel gegee het.

Inderwaarheid het die naam Set 'n herkoms wat Abel voorafgaan. Set is afgelei uit die Hebreeuse werkwoord *'ashit*, “Ek sal stel/plaas” (*Gen. 3:15*), dieselfde sinsnede waarmee die Messiaanse profesie ingelei word. Die Messiaanse stamboom gaan voort in Set se nageslag. Die Bybel bevestig ook die Messiaanse bloedlyn in Genesis, beginnende by Set (*Gen. 5:3*), en sluit Henog (*Gen. 5:24*) en Metusalag in, en sluit af met Noag (*Gen. 6:8*).

Die sinsnede “seuns van God” (*Gen. 6:2, OAB*) verwys na Set se nageslag omdat dit so beskik is dat hulle die beeld van God moes bewaar (*Gen. 5:1 en 4*). Die “dogters van die mense” (*Gen. 6:1, OAB*), daarenteen, het klaarblyklik 'n negatiewe konnotasie. Dit kontrasteer die nakomelinge van diegene wat die beeld van God bewaar het, met diegene wat na die beeld van die mens geleef het. Die vromes het hulle deur hierdie “dogters van die mense” laat bekoor. So het die seuns van God dan “van hulle as vroue gekies” (*Gen. 6:2, NLV*), wat die mensdom in die verkeerde rigting gestuur het.

Lees Genesis 6:1-5. Wat 'n kragtige getuienis oor die verval wat sonde meebring! Waarom moet ons alles in ons vermoë doen, met hulp en krag van God, om die sonde in ons lewens ‘met wortel en tak’ uit te roei?

Vir verdere studie: Die herhaalde frase, “Henog het... naby God geleef” (*Gen. 5:22 en 24, NLV*) dui op ’n noue wandel en hegte vriendskap met God. So nou was daardie wandel dat “God... hom weggeneem [het]” (*Gen. 5:24, NLV*). Dit is die eerste en laaste keer dat hierdie soort sinsnede in Adam se geslagsregister verskyn, en is nie ’n bewys dat diegene wat “naby God leef” op ’n dag weggeraap gaan word nie. Noag het immers ook ’n noue wandel met God gehad (*Gen. 6:9*) en hy het soos alle mense te sterwe gekom, net so ook Adam en Metusalag. Interessant genoeg, verskaf die Bybel boonop geen rede vir hierdie spesiale genadegawe wat Henog te beurt geval het nie. “Henog het ’n verkondiger van geregtigheid geword en van die dinge wat God aan hom bekend gemaak het. Die godvresendes het hierdie vrome man opgesoek, om sy leer te hoor en saam met Hom te bid. Hy het ook in die openbaar gepreek, en het die boodskappe van God aan almal gebring wat graag die waarskuwings daarin ter harte wou neem. Sy pogings was nie net tot die nakomelinge van Set beperk nie. [Selfs] in die land waar Kain hom gevestig het, in ’n poging om die teenwoordigheid van die Here te ontvlug, het die profeet van die Here bekend gemaak wat God hom aan hom in visioene getoon het. Henog skryf: ‘Kyk, die Here kom met sy duisende heilige engele en Hy sal oor almal oordeel. Hy sal al die goddeloses, al die sondaars straf oor al die goddelose dinge wat hulle in hulle goddeloosheid gedoen het, en oor al die lasterlike dinge wat hulle teen Hom gesê het’ (Judas 14 en 15, NAB)” -Ellen G. White; *Patriarchs and Prophets*, bl. 86.

Vrae vir bespreking:

1 Waarom het Kain sy broer om die lewe gebring? Let op die volgende kommentaar deur Elie Wiesel: “Waarom het hy dit gedoen? Miskien wou hy alleen wees – ’n enigste kind, en na sy ouers se dood, die enigste manlike erfgenaam. Om die enigste te wees soos God en dalk die enigste te wees in plek van God... het Kain gemoor om God te word... Enigeen wat homself as God beskou vermoor op die ou einde hul medemens” -*Elie Wiesel, Messengers of God: Biblical Portraits and Legends; New York: Random House, 1976, bl. 58.* Dit laat ’n mens met die vraag: hoe gemaak om teen Kain se gesindheid te waak, selfs al pleeg jy nie letterlik moord nie?

2 Vergelyk die lewensduur van die mense voor die sondvloed (*Genesis 5*) met dié van die patriarge daarna. Hoe verklaar ’n mens hierdie korter lewensduur? Hoe kan ons as lede van die teenwoordige geslag ’n teenargument vir die veronderstellings van moderne Darwinisme bied? (LW: ’n veronderstelling is ’n idee wat ’n mens as korrek beskou en wat jy dan as die grondslag vir ’n bepaalde argument gebruik.)